

Swemklere vir snuipers

Eksklusief van Bernina



**Dis pret, dis pragtig — en dis
teen 'n derde van die prys! Dit is
swemklere wat jy self kan maak
— in 'n kits**



Die geheim van vleierende swemklere is 'n patroon wat netjies pas, die korrekte gebruik van geskikte kledstof en benodigdhede — en 'n betroubare naaldwerk- en omkapmasjien.

Bernina bied 'n reeks patrone, vir kleingoes sowel as volwassenes, asook wenke wat jou help om swemklere maklik en professioneel te maak. En as jy die prys van twee "eina-lappies" vir die strand in aanmerking neem, is dit gewis 'n bonus!

'n Glansversamelboekie, *Bernina Young Collection No. 8*, bevat twee patroonvelle met 'n verskeidenheid swembroekpatrone vir mans en vroue. Dit is ook propvol wenke oor die beplanning, stik en afwerking van swemklere. Bernina het ook 'n reeks patrone plaaslik ontwerp vir seuns en meisies van tussen twee en 12 (die bestelvorm is hieronder).

Maak die swemklere self en jou kleingoes gaan dié somer met 'n paar swembroeke in plaas van net een tegemoet. Die pryse van die meisies se swembroeke wissel van R11 tot R15 stuk. Die seunswembroek het R10 gekos om te maak. (Die swembroek-pryse vir dié artikel is gegrond op die koste van Lycra — 150 cm breed — wat R60 per meter kos.)



BENODIGDHEDE

- Gebruik Lycra van goeie gehalte. Vir die Bernina-patrone word Lycra met 'n minimum rekbaarheid van 90-100 persent in die een rigting en 60-75 persent in die ander rigting verlang.
- Poliëster-stikgare van goeie gehalte is noodsaaklik. Mettler Metrosene Plus-gare word aanbeveel. Dit is sterk gare wat Lycra se rekbaarheid sal weerstaan en nie maklik verweer.

nie. Vlosgare van goeie gehalte kan op die omkapmasjien gebruik word vir 'n sagte, maar sterk naat.

- 'n Nommer 75-reknaald vir die naaldwerkmasjien sal volmaakte steke op Lycra en rek verseker. Die 2,5 en 4 mm-rekdubbelnaald is ideaal vir bo-stiksels om rekrande.


- Alle Bernina-patrone is vir 1 cm-rek ontwerp. Spesiale rubberrek vir swemklere, wat 'n sagte, gladde rand verseker, of geweefde Rayon-rek, kan gebruik word.

- Vir bikini-bostukke is knippies die ideale vasmaakmiddels.

- Brakeëls is veral vir groter groottes en bikini-bostukke noodsaaklik.

- Gebruik liggewig-breistof as voering in die kruis.

- Gebruik 'n Bernina-patroon vir 'n kind of 'n volwassene (kyk bestelvorm).



BERNINA

ROOI ROSE/BERNINA PATRONE VIR SWEMKLERE

Pos jou bestelvorm aan Bernina-patrone vir Swemklere, Posbus 27265, Benrose, 2011.

Naam

Adres

..... Kode

Tel. (h) (w)

Stuur asseblief aan my

Bernina Young Collection No. 8. Aantal @ R7,41 stuk.


Bernina Snuitter-patroonreeks. Aantal @ R15,24 stuk.

My tjek/posorder ter waarde van R..... (BTW en posgeld ingesluit) is hierby.




BEPLAN DIE SWEMBROEK

Vir 'n interessante effek kan jy oorskietlappies van ander swemklere gebruik en 'n artikel maak teen bykans geen koste. Trek die patroon na, merk die verskillende dele en beplan die kleurblokke. Merk elke pant se draadrigting. Sny die pante los en knip elke pant op die verlangde kleur uit. Onthou om 1 cm-naattoelating by alle patroondele te voeg.



Wees waaghalsig en beplan 'n swembroek met sierwerk. Vir swemklere kan gestikte speldopnaaisels (A) baie doeltreffend gebruik word. Platnate, op 'n omkapmasjien gestik (B), sal 'n netjiese siernaat of versiering verseker.



BERNINA 2000: GEMAK!

Bedraad die masjien vir 'n tweedraad-omkapsteek. Kies posisie E — en die omkapmasjien se spanning is outomaties daarvoor ingestel om 'n volmaakte platnaat te stik.

BERNINA

GESKIKTE NATE

'n Steek wat die maksimum rekbaarheid verseker, is baie belangrik. 'n Naaldwerkmasjien kan doeltreffend hiervoor gebruik word, maar 'n omkapmasjien verseker 'n professionele afwerking in 'n baie korter tyd.

A. Die gewone drietol-omkapsteek.

B. 'n Driedraad-superreksteek, met twee naalde en een lusvormer gestik.

C. Die gewone vierdraad-omkapsteek.


D. Die gewone vierdraad-omkapsteek, met vlosgare in die lusvormers gestik.

A, B, C en D, soos met 'n omkapmasjien gestik.

E. 'n Sigsagsteek (steekbreedte 2 en steeklengte 1,5).

F. Die Bernina-reksteek.

Vir E en F: stik twee rye stiksels 4 mm uitmekaar.






BERNINA 2000: SPESIAAL!

Bedraad die twee naalde en die onderste lusvormer. Knip die tweedraadomskakelaar in posisie en die masjien is in 'n japtrap vir die superreksteek ingestel. Dit is ideaal vir die stik van hoogs rekbare kledstof soos Lycra.

Gebruik die omkapmasjien om die rek vinnig en professioneel vas te stik. Die spesiale rek-aanwerkvoet kan ingestel word om die rek die verlangde hoeveelheid in te trek.



WERK DIE REK VAS

- Meet die rand wat met rek afgewerk moet word en knip die rek 15-20 persent korter as die opening. Toets die rek op 'n Lycra-oorskietlappie. Die rek behoort die opening met 10-15 persent in te trek.
- Stik die rek aan die verkeerde kant van die swembroek, op die rand

van die opening, vas.

Gebruik 'n naaldwerkmasjien-sigsagsteek — steekbreedte 3 en steeklengte 2 — of die omkapmasjien.



BERNINA 2000: PERFEKSIE

Verseker volmaakte stikwerk deur die naaldstopfunksie te gebruik. Kies die naaldstop onder funksie en daar is geen gevaar dat die kledstof onder die voet rondskuif terwyl jy werk nie.

BERNINA



WERK DIE REK RAND AF

- Vou die rand oor die rek en stik 'n bo-stiksel met die naaldwerkmasjien.

A. Gebruik 'n sagsag- of Bernina- universele steek en stik op die binnerand van die rek (steekbreedte 2-3 en steeklengte sowat 2).

B. Vir 'n professionele afwerking: Gebruik die 2,5 mm-rekdubbelnaald.

Die Bernina-loopvoet verseker dat die kledstof egalig deurgevoer en netjies gelei word.

DETAILVERSIERING

Detail soos bande en valletjies kan die hele voorkoms van die swembroek verander. Skouerbande kan eenvoudig wees, of geplooi of gevleg.

WENK

Wanneer gevlegte bande voorberei word, hoef buise nie gestik te word nie. Knip die stroke en trek hulle aan weerskante sodat die rande vanself omkrul en buise vorm. Die stroke hiervoor moet op die breedte van die kledstof — van selfkant tot selfkant — geknip word.

Vir 'n professionele voorkoms moet valle liefs afgewerk word. 'n Rolsoom op die omkapmasjien is 'n goeie keuse. Vir 'n gekartelde rand kan 'n koord daarop vasgewerk word.



BERNINA 2000: TYDBESPAREND

Gebruik die spesiale omkapmasjiendrukvoete van Bernina om 'n volmaakte voorkoms te verkry teen die helfte van die tyd en inspanning. Die koordvoet lei die koord sodat dit netjies vasgestik kan word. Die rek-aanwerkvoet sal nie net die

rek reg lei nie, maar kan ook ingestel word om dit die verlangde hoeveelheid in te trek.

BERNINA

WERKSKOOL

As jy daarin belang stel om 'n werkskool oor die maak van swemklere by te woon, vul die vorm hieronder in en pos dit aan die adres daarop aangedui.

WERKSKOOL OOR SWEMKLEREMAAK

Pos jou vorm aan Bernina se Werkskool oor Swemkleremak, Posbus 27265, Benrose, 2011.

Naam
Adres
..... Kode
Tel. (h) (w)

Stuur asseblief vir my inligting oor die werkskool wat in my omgewing aangebied gaan word.